Noodsaaklike Uitgangspunte

Noodsaaklike vertrekpunte met die oog op die teologiese opleiding van die NG Kerk

Julian Müller

Teologiese opleiding moet gerig word deur die volgende drie vertrekpunte:

- Kontekstueel veranker
- Deur Tradisie gevorm
- Interdissiplinêr en professioneel vaardig.

Hoe kom ek daarby uit?

Vanuit 'n bepaalde siening en verstaan van teologie. Daar is baie teologieë en 'n mens sal uiteraard oor teologiese opleiding praat vanuit jou paradigma t.o.v. teologie. Sonder om in te gaan op al die groot verskeidenheid van teologieë, wil ek net verduidelik waar ek myself bevind en sodoende verduidelik hoe ek by bogenoemde drie sake vir teologiese opleiding uitkom.

Ek kies vir 'n **post-fundamentele teologie** (Postfoundationalism - Van Huyssteen)¨.

Daarmee kies ek

Doelbewus teen:

- Fundamentele teologie
- Anti-fundamentele teologie

Wel vir Post-fundamentele teologie

Dit is 'n teologie wat nie eerstens fundamenteel is nie, maar eerstens kontekstueel. Daarmee word nie teen die fundamentele gekies nie (nie anti-fundamenteel nie), maar gekies om die fundamentele aspekte in die teologie kontekstueel te interpreteer. In fundamentele teologie word sekere kennis-items of proposisies onkrities as gegewenhede

aanvaar en met 'n lineêre beweging word vanaf die sogenaamde fundamente (prinsipes) na die toepassingsgebiede beweeg. In post-fundamentele teologie word kontekstueel omgegaan met die fundamentele en daarom is die beweging sirkulêr vanuit die konteks na die tradisie van fondamente en terug.

Daarmee word beslis ook teen die relativisme van anti-fundamentele teologie gekies.

In post-fundamentele teologie val die klem baie sterk op

vergelyk my artikel, HIV/AIDS, Practical Theology, and Postfoudationalism. The emergence of a new story. Hervormde Teologiese Studies Jaargang/volume 60, no 1 & 2, Maart & Junie 2004 (Geyser gedenkuitgawe). 293-306.
Vergelyk verder die verskeidenheid van publikasies van Wentzel van Huyssteen, maar veral: Van Huyssteen, J.W. 1997. Essays in Postfoundationalist Theology. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans

Die konteks en in besonder die lokale konteks.
Tradisie van verstaan
Rasionaliteit as basis vir die interdissiplinêre gesprek

Vanuit hierdie verstaan van teologie, moet ons dan sê dat die ononderhandelbare komponente vir teologiese opleiding is

- 'n Kontekstuele verankering;
- 'n bereidheid om deur Tradisie gevorm te word;
- 'n interdissiplinêre en professionele vaardigheid.

Wanneer paradigmas deurvloei na opleidingsmodelle…

'n Teologiese Fakulteit en teologiese kurrikulum wat gebaseer is die **fundamentele paradigma…**

- Werk met 'n lineêre model waar die fundamentele vakke (Bybelwetenskappe en dogmatiese vakke) aangebied word met geen of 'n baie losse verband tot die konteks.
- Het nie veel erg aan interdissiplinariteit nie.
- Beskou professionaliteit nie in 'n ernstige lig nie en sien dit as 'n vanselfsprekende uitvloeisel van 'n fundamenele teologiese opleiding.

- Maak nie baie erns met spiritualiteit nie aangesien die onderliggende paradigma erg rasionalisties is.

'n Teologiese Fakulteit en teologiese kurrikulum wat gebaseer is op die anti-fundamentele benadering

- Is gebaseer op die verskynsel van godsdienstigheid en plaas al die klem op die web van intergeloofsverhoudinge.
- Is uitkomsgebaseerd en vul teologiese opleiding vanuit 'n pragmatiese benadering t.o.v. die eise van 'n moderne bediening.
- Professionaliteit word vervang met pastorale gepoleerdheid.
- Spiritualiteit word heeltemal losgemaak van rasionaliteit en bloot op die vlak van viering beoefen.

'n Teologiese Fakulteit en teologiese kurrikulum wat gebaseer is op 'n **post-fundamentele benadering**

- Werk met'n sirkulêre model waar prosesse van leer en die verstaan van die teologiese Tradisie binne 'n bepaalde konteks verhelder word. Die proposisies van die Tradisie soos verwoord in die antieke tekste, word nie onkrities gepropageer nie, maar gedoseer as kontekstuele geloofskonstrukte, as ge-interpreteerde en interpreterende wortels van ons geloof.
- Maak volkome erns met interdissiplinêre kennis en rasionaliteit en daarom ook met die inter-religieuse gesprek.
- Het 'n aanvoeling vir die unieke eise van elke konteks en daarom die noodsaaklikheid van opleiding en toerusting vir professionele optrede.
- Spiritualiteit word kontekstueel, maar gevorm deur Tradisie, beoefen.

In die proses van die vertaal van hierdie komponente na 'n konkrete kurrikulum, kan ons die denkproses met die volgende tabel voorstel:

Kontekstuele verankerdheid	Vakke wat die konteks verhelder	Geesteswetenskappe: Sosiologie, sielkunde, antropologie, Afrikastudies, filosofie en veral post-moderne filosofieë.Hierdie vakke kan afsonderlik, maar verkieslik

		geïntegreer binne praktiese teologie aangebied word.
Gevorm deur Tradisie	Vakke wat die konteks verhelder deur die perspektief van die Tradisie.	Hermeneutiek (volgens die Tradisie waarbinne ons funksioneer).Bybelwetenskappe, Dogmengeskiedenis en Dogmatiek en EtiekGeskiedenis van die Christendom en kerk (insluitende kontemporêre godsdienswetenskap en -geskiedenis)
Interdissiplinêre en professionele vaardigheid	Vakke wat ons toerus om op die basis van rasionaliteit in 'n mondige gesprek te tree met ander vakke en sodoende te vorder tot vaardige professionele optrede. Dit sluit ook in 'n toegerustheid om verantwoordelik aan die inter-religeuse gesprek deel te neem.	Filosofie en veral wetenskapsfilosofie.'n Program met die oog op professionele en bedieningsvaardigheid. Dit sluit in vakke soos Homiletiek, Pastoraat, Gemeente-ontwikkeling, Pastorale bestuur (tradisionele vakke van die Prak. Teol.) asook Kerkreg.'n Internskap (gemeentejaar) is deel van hierdie program.

NB: Die volgorde van aanbieding asook die gewigte wat aan verskillende komponente toegeken word, word bepaal deur die paradigma van die post-fundamentele teologie. Dit mag nie maar net die ou fundamenteel-teologiese program wees wat net effens verryk word met kontekstuele elemente nie. Dit moet voldoen aan die paradigma van die post-fundamentele en daarom die klem op lokale kontekstualiteit. Hierdie paradigma behoort ook die strukturering van die graad/diploma-program te bepaal.

Kritiese refleksie op die Teologiese opleiding van die NG Kerk:

Ons is te veel vasgevang in die onbuigbare vorm van die fundamentele teologie. Ons verkeer steeds onder die illusie dat as 'n student die klassieke tale onder beheer het, en 'n goeie greep op die Bybelwetenskappe, hy of sy dan noodwendig 'n goeie teoloog is en eventueel ook 'n goeie predikant sal wees. Ons is ook vasgevang in die tradisionele struktuur van 'n gelyke tydsverdeling tussen die 6 vakke. Die gevolg is te min tyd en geleentheid vir studente om te ontwikkel tot 'n volwasse en vaardige interdissiplinêre en professionele optrede. Met so 'n skeefgetrekte benadering is jong studente geneig om op 'n fundamentalistiese wyse te gryp na die fundamentele vakke en geen erns met die res te maak nie. In die interdissiplinêre en professionele gesprek is hulle onbeslae op die ys en val terug op fundamentalistiese slagspreuk-teologie. Hulle is nie in staat om die huidige konteks sinvol te interpreteer en gemeentes te begelei tot selfstandige en verantwoorde teologiese refleksie nie.

In 'n poging om korreksies aan te bring, val ons ook vas in die teenoorgestelde slaggat, naamlik die anti-fundamentele teologie. Waar ons eers vasgevang was in 'n rasionele spiritualiteit, probeer ons nou ons spiritualiteit vier sonder enige wortels. In sommige vakke van die praktiese teologie (gemeentebou, homiletiek, pastoraat, jeugbediening en himnologie) neig die pragmatisme om heeltemal die botoon te voer.

Die teologiese opleiding moet grondig hersien word ten einde die balans tussen vakke en die inhoudelike aanbieding van vakke in ooreenstemming met ons teologiese oortuigings te bring. Ek glo dat die post-fundamentele teologiese paradigma die teologiese posisie van die NG Kerk die beste verwoord en dat die teologiese opleiding drasties en radikaal aangepas moet word om daaraan uitdrukking te gee.